# DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

28 Junie 2026

## Gasvryheids-bediening

Daar sal nie gedurende die skoolvakansie koffie/tee na die erediens in Kosmos bedien word nie.

## Gebedsonderwerpe

- Francine en haar helpers by die Caritasbediening - bid vir genoeg fondse om in die behoefte te voorsien. Bid ook vir die ontvangers van die hulp.
- Helderberg Uitreik: Roelof Louw en die Ramphulpspan - bid dat hulle 'n effektiewe rol sal kan speel waar daar rampe en nood in die gemeenskap is. Bid ook vir hulle veiligheid.
- Bid vir al die buitelanders wat bedreig word deur xenofobiese geweld. Bid dat die beplande betogings op 30 Junie vreedsaam sal verloop. Bid ook dat die regering effektiewe planne sal maak en uitvoer om instroming van onwettige migrante effektief te bekamp.
- Bid vir die veiligheid van kinders gedurende die komente skoolvakansie. Bid dat hulle bewaar sal word van mense wat hulle probeer misbruik en van negatiewe invloede.

Epos: hannetjiegericke@gmail.com

## JUNIE se deurkollektes

07 Jun: Helderberg Hospitaal – R1 772
14 Jun: Kinderhuis Robertson – R1 345
21 Jun: Projekte 2026 – R1 734
28 Jun: Sinode: Bediening aan Jode

## Bybelstudie Stormhaven

Donderdag,
23 Julie
om 10:00.

## DANKOFFER BETALINGS:

**1. Elektronies/internet bankdienste:**

| | |
|---|---|
| Rek naam: | NGK Somerset Wes |
| Bank: | ABSA |
| Tipe rek: | Tjekrekening |
| Rek nr.: | 2900 590 132 |
| Takkode: | 632 005 |
| Verwysing: | Dankoffer/Kollekte |

**2. Snapscan:**

SnapScan
Snap here to pay

**3. Kontantinbetalings & koeverte:**

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofofferkoeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

**4. Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.


**BORG van die maand**

Philwest Volkswagen Somerset-Wes

**021 840 4900**

Philwest Volkswagen
Somerset-Wes
021 840 4900


# Oggenddiens 09:30

Hartlik welkom by vanoggend se erediens. Die tema van die erediens is: Die grein van God se heilige liefde. Die skriflesing is 1 Johannes 4:7–21. In hierdie gedeelte hoor ons herhaaldelik van God se liefde, en hoe Johannes dit vir ons al hoe duideliker maak. Soos 'n skrynwerker wat 'n meubelstuk herhaaldelik skuur totdat die grein sigbaar word, so werk Johannes met die woord "liefde" om vir ons die diepte van God se liefde te laat uitstaan. Liefde is 'n bekende tema in ons wêreld, maar Johannes maak dit duidelik dat God se liefde heilig is en dat nie alle vorme van liefde toelaatbaar is in God se heiligheid nie. Mag ons vanoggend nuut ontdek hoe groot God se liefde is, en hoe dit ons lewens vorm, sodat ons verhoudings al hoe meer kan begin lyk soos die liefde wat ons in Jesus Christus sien.

## Stroming

Die skakel sal ongeveer 'n halfuur voor die aanvang van die diens beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by
https://ngkerksomersetwes.co.za/
Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik.

## Bybelstudie Woensdae

Hervat weer na die skoolvakansie

**Oggende: 2-weekliks**
22/07: 10:00 in Patmos

**Aande: weekliks**
22/07: 18:00 in Patmos

## Gebedsgroep Woensdae

Hervat weer na die skoolvakansie

22 Julie om 09:00 in die konferensiekamer.

## Voorbidding

- **Piet Hanekom** se familie met sy afsterwe.
- **Christo Meyer** se familie met sy afsterwe.
- **Rita Bell** se familie, met haar afsterwe.
- **Cobus Rheeder,** hospitaal.
- **Lientjie Smit,** rugoperasie, 22/6.
- **Hermien Groenewald,** ICU Busamed.
- **Petro le Roux,** gordelroos.
- **Leonie Fourie,** herstel na nekoperasie.
- **Ben du Toit,** hospitaal.
- **Miems Naudé,** skoondogter brein-operasie, 22/6.
- **Dawie Rossouw,** sterk tuis aan, maar kry nog steeds behandeling.
- **Marcel Malan,** ondersteunende versorging, Bridgewater.
- **Kobus Grobbelaar,** verswak na hospitalisasie.
- **Jeanette Snyman,** behandeling.
- **Obie van Niekerk,** behandeling.
- **Muggie Rossouw,** broos.
- **Chelly vd Merwe,** broos.



*Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!*




*L.W.: Die tyd op die kalender is aangedui as 19:00, maar daar is besluit om die tyd te vervroeg na __18:00__.*

*Daar word slegs voorsiening gemaak vir __120 persone__. Bespreek en betaal dus vroegtydig, om teleurstelling te voorkom.*

# Kategese: 28 Junie 2026

**Geen kategese gedurende die skoolvakansie nie.**
**Die kategese hervat weer op Sondag, 26 Julie.**

## Manne Reisgesprek Vrydagoggende

**Volgende geleentheid: 24 Julie 2026**

in die konferensiekamer

* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *

Ons kon die afgelope week 10 sakke met truie, musse, serpe en bedsokkies vir Melanie stuur om onder Helderberg Uitreik se projekte uit te deel. Sonnette van Wyk het 50 musse en 3 kniekomberse vir Senior Sorg ontvang en dan was daar 2 sakke met breiwerk vir Helderberg Hospitaal se babas vir Lynette Jacobs. Baie dankie daarvoor liewe Omgeegemeente. Ons gemeentelede het gewoeker en ons wol is weer byna klaar. Ons sal dus graag nog skenkings van **"double knit" wol** baie verwelkom. Julie en Augustus is nog twee koue wintermaande en ons sal graag nog breiwerk vir Helderberg Uitreik se dagsorgsentrums, ouetehuise en skuilings wil stuur. So verseker ons dat ons 'n verskil maak in iemand se lewe, met warm winter omgee in die vorm van breiwerk.

## *B A S A A R*

Ons begin nou reeds beplan vir die **BASAAR** wat vanjaar op **Saterdag, 5 September** plaasvind en wil dus vra vir:

1) **Boeke**, sodat ons ons voorraad kan begin opbou. Dit kan asb. by die kerkkantoor afgelewer word.
2) **Goeie, skoon, bruikbare items** vir ons **"Allerlei"** tafel, wat ook asb. by die kerkkantoor afgegee kan word.
3) Die kerkraad het goedkeuring verleen dat ons vir Eendekuil gemeente ondersteun. Hierdie ondersteuning sal die vorm van **vleisbestellings** aanneem. **Bestelvorms met pryse en betalingsbesonderhede sal @ 26 Julie** beskikbaar wees. *Dit werk so: Jy plaas jou bestelling en betaal daarvoor (direk in Eendekuil se rekening). Stuur voltooide bestelvorm en bewys van betaling direk na Eendekuil se kontakpersoon, soos op die vorm aangedui. Eendekuil verteenwoordiger(s) bring dan al die bestellings en dit kan die dag van die basaar by hulle op die kerkterrein afgehaal word.*

Ons deel die Here se reis met Helderberg Uitreik se Gemeentes en gemeenskappe die afgelope finansiële jaar.

**Enigeen is welkom om by te woon.**

Slegs stemgeregtigdes sal kan stem.

**Kom geniet heerlike sop en brood vanaf 18:30 by die Tent.**

Bespreek by Melanie Smit teen 23 Julie 2026:
uitreik@nghelder.co.za
021 851 5582

Helderberg UITREIK

## Algemene Jaarvergadering

**27 Julie 2026**

**19:00**

Helderberg Gemeente,
Firmountweg 82, Somerset-Wes

## Word 'n draer van Christus se Hoop na 'n wêreld in nood




Helderberg Uitreik is 'n vennootskap tussen Helderberg Gemeente en Omgeegemeente Somerset-Wes

# Helderberg Uitreik Ramphulp

Die Ramphulprojek van Helderberg Uitreik fokus daarop om gemeenskappe te ondersteun wat deur 'n ramp getref is. Enige persoon kan 'n ramp rapporteer aan Roelof Louw, die projekleier van Ramphulp. Hy en sy span skakel dan met die leier van die gemeenskap en stel ondersoek in na die behoeftes van die gemeenskap en watter hulp nodig is.

Die ramp kan enige plek in Suid-Afrika wees. Die span se hulp is nie beperk tot die Helderberg Kom nie, alhoewel dit hul eerste fokus is. Die Span is genader deur Uniondale na die onlangse vloede. Hulle kon 'n donasie van R50 000 maak aan die Koöperasie waar boere en hul personeel aankope kan doen soos benodig na die vloede.

Hierdie tyd van die jaar in die Wes-Kaap is daar geneig om baie vloede te wees. Brande in informele areas saai ook verwoesting. Dis dan wanneer die Ramphulpspan gekontak word met die behoeftes van die getraumatiseerde gemeenskap. Dis belangrik om met die leier in die gemeenskap te skakel. Indien u weet van rampe, stuur die naam en kontakbesonderhede van die leier in die gemeenskap met wie die Span kan kontak maak aan Roelof.

Roelof Louw se kontakbesonderhede is: roelof.louw@gmail.com.

## Kontak ons om betrokke te raak

**Projekte wat kwalifiseer vir Artikel 18 A donasies is gemerk met 'n ***

| | | | |
|---|---|---|---|
| Evangelisasie | **Alpha Projek** projekleier | Jaco Smit | smitjh87@gmail.com |
| | ***Bybelverspreiding** projekleier | Grazie Beets | ontvangs@nghelder.co.za |
| | **Ester-op-Reis** projekleier | Willemien J van Rensburg | willemien55@gmail.com |
| | **KidsXpress** projekleier | Werner Schultz | info@kidsxpress.org |
| | **Mosambiek Evangelisasie** projekleier | Gerhard Kruger | gerhard@deckingsolutions.co.za |
| | **Projek 17** (geslote land) projekleier | Paul Brits | paul.brits@mweb.co.za |
| | **Sri Lanka** projekleier | Paul Kilian | pckilian@gmail.com |
| | ***Truth2Kids** projekleier | Sus van Niekerk | susvann@gmail.com |
| | Truth2kids koördineerder | Minette Krog | minette.krog@gmail.com |
| Berading, Terapie en Medies | ***Agapé Medies** projekleier | Junita Kruger | junita@deckingsolutions.co.za |
| | ***Beradingsentrum** projekleier | Frances Engelbrecht | fdutoit716@gmail.com |
| | Beradingsentrum koördineerder | Karen de Beer | berading@nghelder.co.za |
| | ***Harmony** projekleier | Evan Marais | evan@nucleusindustries.co.za |
| | ***Beyond** (MIV/VIGS) projekleier | Aneleh Fourie-Le Roux | managment@cabsa.org.za |
| Ondersteuning | ***Ahavah** (gestremdes) projekleier | Anton Engelbrecht | gestremd@gmail.com |
| | ***Dienssentrum** bestuurder | Yolande Kennedy | dienssentrum@nghelder.co.za |
| | ***Haweloses** projekleier | Clinton de Wit | clinton.dewitt@gmail.com |
| | ***Helderberg Babas** projekleier | Elmarie Louw | elmarie.louw.el@gmail.com |
| | Helderberg Babas bestuurder | Tania Schultz | tania@helderbergbabies.co.za |
| | ***Helderberg Hospitaal** projekleier | Lynette Jacobs | lynette.jacobs09@gmail.com |
| | ***Kanga&Roo** projekleier | Liza-Marie Spammer | lizaspammer@yahoo.com |
| | ***Rapha** (SAPS Traumakamer) projekleier | Erna Wetzel | erna.wetzel@sanlam.co.za |
| | ***Rampverligting** projekleier | Roelof Louw | roelof.louw@gmail.com |
| | ***Seniorsorg** prokjekleier | Sonnette van Wyk | sonnettevanwyk@gmail.com |
| Tiener & Volwasse Ontwikkeling | ***ElizaYo** (lifeskills) projekleier | Deon van Zyl | d3onvanzyl@gmail.com |
| | ***Musica Dei** projekleier | Yolanda Botha | yolabotha@gmail.com |
| | ***Sentrum van Hoop** (voorheen Pêrelprojek) projekleier | Amanda Ferreira | amanda.ferreira@telkomsa.net |
| | ***Sir Lowryspas** projekleier | Sarita Groenewald | saritagroenewald@gmail.com |
| | ***Vriende van Helderberg Ontwikkelingsentrum** projekleier | Marlene Burden | marlene@authentilife.co.za |
| Vroeë Kinderontwikkeling | ***Hemel-op-Aarde (HOEP)** projekleier | Hein Coetzee | heinc92@gmail.com |
| | HOEP Ops koördineerder | Sunette Erasmus | sunette.erasmus@outlook.com |
| | ***Uyavula Leesprojek** projekleier | Hannetjie Gericke | hannetjiegericke@gmail.com |
| | Uyavula koördineerder | Amanda de Villiers | manda.devilliers@gmail.com |

**Raak betrokke by Helderberg Uitreik op enige van die volgende maniere:**

# Wees 'n **vrywilliger** by 'n projek.
# Maak 'n **donasie** aan 'n projek.
# **Bid** vir ons gemeenskappe en projekte.
# Registreer 'n **nuwe projek**.
# Wees deel van 'n **korttermyn uitreik.**

Kontak die bestuurder, Melanie Smit, by uitreik@nghelder.co.za om 'n afspraak te maak.

**Fondse**

Helderberg Uitreik het drie fondse ter ondersteuning van die funksionering van die projekte. Al drie hierdie fondse kwalifiseer vir Artikel 18 A donasies. Die fondse is as volg: Waar Behoefte Bestaan, Administrasie en Bedryfsfonds.

Besoek ons webwerf vir meer inligting

https://www.nghelder.co.za/index.php/bedieninge/helderberg-uitreik
en
https://www.ngkerksomersetwes.co.za/helderberg-uitreik/